KERKBODE 7 DES 1990

ASK byeen oor Rustenburg

PRETORIA. – Die besluite van die Algemene Sinode oor apartheid en politieke modelle asook die afloop van die Rustenburg-beraad van kerkleiers verlede maand, is indringend bespreek tydens die vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) wat Dinsdag in Pretoria gehou is.

Met ons ter perse gaan was dit duidelik dat die ASK die hele aangeleentheid rondom die skuldbelydenis deur prof Willie Jonker by die Rustenburg-beraad op 'n baie verantwoordelike wyse wil hanteer.

Die vergadering van die ASK is gehou op aandrang van die vier Moderature van die N G Kerk in Transvaal nadat onrustigheid in dele van die kerk ontstaan het vanweë prof Jonker se skuldbelydenis en die NGK-afvaardiging na die Beraad se aansluiting daarby.

Die Deklarasie van Rustenburg en die NGK-afvaardiging se verklaring daaroor aan die einde van die konferensie het ook aandag geniet.

Die ASK bestaan uit die Moderatuurslede van die Algemene Sinode en twee verteenwoordigers van die Moderature van elke streeksinode en tree namens die Algemene Sinode op in spoedeisende sake wanneer die Sinode nie sit nie.